netwerk24.com

# 'Beeld'-redakteur: Afrikaanse joernalistiek se toekoms blywend

Send to Kindle



Barnard Beukman

Sprake dat die sluiting van *Beeld* binne maande kan kom, in 'n berig deur Moneyweb Donderdag, was vir *Beeld* se redaksie ook nuus.

Ishmet Davidson, uitvoerende hoof van Media24, is wel reg dat die maatskappy (soos enige ander onderneming) "deurlopend sy bedrywighede hersien om toekomstige en langtermynvolhoubaarheid te verseker". Dit ook binne die medialandskap, wat toenemend digitaal skuif.

Intussen vier ons die 50ste bestaansjaar met trots en wag opgewonde op die hoogtepunt, die verskyning van ons boek, 'Beeld 50: Om 'n groot storie hard te slaan'.

In voortdurende beplanning en verskillende moontlike scenario's vir die toekoms, is ons as redakteurs wel betrek. In die rol as dagbladredakteur was die vestiging, groei en uitbou van Netwerk24 van die begin af deel van die pligtestaat. Die werklikheid van verbruikers wat toenemend die meeste van hul sake, hetsy banksake, vakansiebesprekings en ook mediaverbruik, aanlyn doen, was ons reeds op voorbereid.

Omdat *Beeld* sy 50ste jaar as winsgewende saak vier, was die tydlyne in die berig – wat dui op so gou soos later vanjaar – wel vir ons nuus. Ons is egter bewus van die kompleksiteit en stygende koste van 'n verspreidingsnetwerk in die land se uitgestrekte noordelike provinsies. Ons neem ook kennis van Davidson se reaksie dat geen finale besluite geneem is nie en dat interne prosesse gevolg sal word wanneer nodig.

Die laaste paar jaar, terwyl ons toenemend na 'n digitale era geskuif het, was die redaksie se benadering om steeds die mees aktuele en beste moontlike koerant uit te gee. Daarmee gaan ons volhou, hetsy die laaste uitgawe nou oor vyf weke, vyf maande of langer verskyn.

Die verslagspan het lank reeds oorgeskuif na Netwerk24 en die nuusstelsel is herontwerp met 'n digitale prioriteit. Die produksiespan wat agtergebly het, stel reeds etlike jare lank die koerant saam, soms met aanpassings, uit Netwerk24 se nuusvloei. Ons gee egter ook daaglikse insette en help beplan aan Netwerk24 se aanbod.

*Beeld* het 'n kleiner maar belangrike leserskorps met wie ons veral die laaste paar jaar letterlik 'n familieband gevorm het, soos ook in ons onlangse lesersontbyt neerslag gevind het. Vir hulle bly ons daar solank as wat dit prakties moontlik is. Ons verstaan die behoefte aan 'n papierkoerant, soggens met 'n koppie koffie en om 'n blokkiesraaisel met 'n pen in die hand in te vul.

Ons weet ook dat die belangrikste saak hier die toekoms van Afrikaanse joernalistiek en 'n sterk, onafhanklike Afrikaanse nuusbron is.

Daarin het Netwerk24 in sy 10 bestaansjare reeds spore getrap en is daar geen twyfel oor nie.

Intussen vier ons die 50ste bestaansjaar met trots en wag opgewonde op die hoogtepunt, die verskyning van ons boek, *Beeld 50: Om 'n groot storie hard te slaan*.

---

https://www.netwerk24.com/netwerk24/stemme/gesels-saam/redakteursbrief-afrikaanse-joernalistiek-se-toekoms-blywend-20240614